



Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

15 Junie 2022
Nuusbrief No 21

Liewe Ouers,

Ons het 'n kort week met môre wat 'n Publieke vakansiedag is en Vrydag wat 'n skoolvakansiedag is. In die lig gesien van die koue weer, hoop ons u bly warm en snoesig, en gebruik die tyd vir lekker gesinstyd binnenshuis.

Mandjiemark:

- Ons herinner u daaraan dat die Mandjiemark-trekking op 21 Junie om 11:00 deur die Ouerkomitee gehou word in die ingangsportaal. Die wenners sal telefonies in kennis gestel word.
- Dit was 'n baie suksesvolle projek, en ons bedank u as ouers, asook ons Ouerkomitee.
- Vir die Derde- en Vierde Kwartale lê die koekverkopings voor. Ons sien baie uit daarna.

Gedagte vir die week:

Woordeboek: Vader:

Beskermer, leermeester en bemoediger; 'n persoon wat jou optel wanneer jy val, wat jou afskud en jou weer laat probeer; gadmireer en baie geliefd; word dikwels na verwys as 'n seun se eerste held en 'n dogter se eerste liede.

Sien ook: Superman

'n Pa beskerm, luister, troos, verstaan, gee drukkies en is altyd daar... Dankie Pappa!

♥ Parkies ♥ is ♥ dankbaar ♥

Hoop u het 'n geseënde week verder en dat u Vadersdag op Sondag 19 Junie saam met u gesinne en familie sal koester.

Ons stuur vandag die Vadersdag geskenkies huis toe!

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



Amélie du Toit 4 jaar oud


pappa



Vadersdag 2022

Mag elke Pappa weet hoe belangrike rol hy in sy kinders se lewe speel en hoe hulle opkyk na hulle Pappa. Pappas laat kindertjies veilig voel en is hulle dogtertjies se "eerste liefde" en hulle seuntjies se *Super Hero*.

Ons hoop elke Pappa voel spesiaal op Vadersdag en het 'n dag van liefde en omgee saam met hulle gesinne.



AS MY PAPPA BRAAI

As my Pappa braai,
kan jy maar raai...
Ons eet vleisies sappig sag.

As my Pappa braai,
kan jy maar weet...
Van al sy werk het hy vergeet.

As my Pappa braai,
kan jy dit sê...
'n Lekker Tjoppie wil hy hê!



PAPPA BRAAI DIE BESTE!